# GR 11 HERSIENINGSAKTIWITEIT: MOTORVERHURING

NAAM & VAN ____________________

DATUM ____________________

/30

Memo



## Motorverhuring

**1. Kort vrae: Merk die relevante opsie**

1. n Toerismeheffing van _______ van die waarde van die verhuringsooreenkoms word deur die huurder aan die SAToerisme betaal.

   A. 1%
   B. 2%
   C. 3%
   D. 4% (1)

2. Die duurder versekeringsopsie wat die huurder beskerm in die geval dat die motor waarin hul reis afgeskryf word a.g.v 'n ongeluk

   A. SOSK
   B. SDVK
   C. OSK
   D. DVK (1)

3. Die opsie wat NIE pas NIE:

   A. Tempest Car Hire
   B. Global Rent-a-Car
   C. First Car Rental
   D. Avis (1)

4. Die aantal internasionale motorverhuringsmaatskappye wat in SA operasioneel is:

   A. 3
   B. 6
   C. 9
   D. 12 (1)



5. Voorwaardes vir die huur van 'n motor:

A. Ouderdom, geldige bestuurslisensie, genoeg geld
B. Ouderdom, geldige bestuurslisensie, kredietwaardig, teken 'n ooreenkoms
C. Teken van 'n ooreenkoms, genoeg geld, kredietwaardig, ouderdom, geldige bestuurslisensie
D. Teken van 'n ooreenkoms, geldige bestuurslisensie, debietkaart, ouderdom (1)

**2. Bestudeer die volgende inligting in die tabel en antwoord dan die vrae wat volg ten opsigte van verskeie versekeringsopsies.**

| **Standaard** | | | |
|---|---|---|---|
| **Groep:** | **Voertuig:** | **Huur per dag:** | **Bybetaling:** |
| **A** | VW Polo | R188 | R  9 000 |
| **B** | C-Klas Mercedes | R912 | R48 000 |
| **Super** | | | |
| **Groep:** | **Voertuig:** | **Huur per dag:** | **Bybetaling:** |
| **A** | VW Polo | R237 | R  1 800 |
| **B** | C-Klas Mercedes | R1000 | R  9 600 |

2.1 Verduidelik waarom iemand eerder van die Super-opsie gebruik sal maak.

Alhoewel die daaglikse tarief effens hoër per dag is, maak dit dit die moeite werd aangesien dit die bybetaling drasties verminder sou daar 'n onvoorsiene voorval plaasvind. ✓✓ (2)

2.2 Wat word in die "bybetaling" kolom voorgestel?

Die bedrag waarvoor die huurder aanspreeklik is om te betaal indien daar iets met die motor gebeur indien daar 'n versekeringseis gemaak wil word. ✓ (1)




2.3

*Jou pa het 'n* ***E-Klas Mercedes*** *gehuur vir* ***5 dae****. 'n Ander motor het in hom vasgery die oggend toe hy na die werk ry. Ongelukkig het hy die* ***standaard*** *opsie vir versekering gekies. Die skade aan die huurmotor beloop R40 000 wat herstel moet word.* Hoeveel sal jou pa moet betaal om die skade te herstel en verduidelik jou antwoord met 'n kort sin (2)



R40 000 ✓ aangesien die bybetalinh meer is as die skade, sal dit wys wees om dan slegs vir die skade te betaal✓

**3. Jy wil graag 'n kar huur vir 'n vakansie as jy by jou vriend gaan kuier. Toe jy op Avis se webblad rondkyk het jy besef dat dit nie sommer net so maklik is om van 'n huurmotor gebruik te maak nie. Jy besluit toe eerder om met iemand te gaan praat voordat jy voortgaan met hierdie bespreking.**




3.1 Op die internet webwerf van Avis het jy raakgelees dat die persoon wat die motor wil huur aan sekere voorwaardes moet voldoen. Noem en beskryf 4 van hierdie voorwaardes kortliks.

Ouderdom: ✓ 18 jaar of ouer (verskil van maatskappy tot maatskappy)✓

Kredietwaardig:✓ moet in besit van 'n kredietkaart wees✓

Geldige bestuurslisensie: ✓ Moet ongeëndoseerd wees ✓

Teken van 'n kontrak: ✓Ooreenkoms tussen die huurder en die verhuurder wat al die voorwaardes en terme bespreek✓ (8)



3.2 Jy het gaan oplees oor die volgende afkortings. Verduidelik waarvoor elkeen staan en wat elke versekeringsopsie behels deur te verwys na wie en in watter geval elkeen beskerming bied.

a) OSK

Ongelukskde-kwytskelding ✓ beskerm die huurder in geval van enige soort herstelbare skade wat aan die voertuig veroorsaak word. ✓ (2)

b) POV

Persoonlike ongeluksversekering ✓ beskerm die huurder en insittendes in die motor in geval mediese behandeling benodig word a.g.v 'n ongeluk. ✓ (2)

c) DVK

Diefstal-verlies-kwytskelding ✓ beskerm die huurder in geval die motor gesteel word of afgeskryf (onherstelbaar na 'n ongeluk) word ✓ (2)




**Pas kolom B sodat dit by A sal pas.**

| | Kolom A | | Kolom B |
|---|---|---|---|
| 1 D✓ | Oorgrenstarief | A | Ekstra koste wat aan die lughawe betaalbaar is indien die huurder die motor vanaf 'n verhuringsmaatskappy huur wat by 'n lughawe geleë is. |
| 2 B✓ | Eenrigtinghuur | B | Waar die huurder die motor by ORTIA huur, met die motor Kaapstad toe ry en dan die huurmotor aan die tak by Kaapstad Internasionale lughawe terugbesorg voor hy sy vlug terug ORTIA toe haal. |
| 3 A✓ | Lughaweheffing | C | Indien die huurder van die motorverhuringsmaatskappy verwag om die huurmotor by 'n spesifieke adres af te lewer / te gaan haal. |
| 4 F✓ | Toerismeheffing | D | Heffing wat betaal moet word indien die verhuurder die gehuurde motor wil gebruik om internasionaal te reis. |
| 5 C✓ | Aflewerings- en gaanhaalkostes | E | Indien 'n addisionele persoon, buiten die oorspronklike huurder, ook per geleentheid die motor gaan bestuur. |
| 6 E✓ | Kostes vir bykomende bestuurders | F | 1% van die verhuringsooreenkoms (TOMSA) |

(6)

A. Jonker